# Oudste Springbok nog aktief op 86

Deur **Quintus van Rooyen**

DIE 86-jarige ds. George Daneel, die oudste lewende Springbok-rugbyspeler ná die afsterwe van die 96-jarige Beevee Vanderplank, kry deesdae nie meer so baie kans om rugbywedstryde by te woon nie – dit bots met sy potjie tennis wat hy Saterdagmiddae speel!

'n Baie fiksse – geestelik en liggaamlik – ds. Daneel was 'n skitterende agtsteman en flank in agt agtereenvolgende toetse (vier in 1928 teen die All Blacks en vier in 1931-32 in Brittanje).

Hy woon egter nog groot wedstryde by en is steeds 'n groot ondersteuner van die Westelike Provinsie vir wie hy van 1925 tot 1931 gespeel het toe hy nog 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch was.

"Daardie jare was daar nog nie 'n Noord-Transvaal en kon niemand by ons kers vashou nie. Daar was nooit twyfel of ons sou wen nie. Die vraag was eerder hoe ver die WP sou wen," vertel hy.

Ds. Daneel en sy eggenote, Joey, wat nog net soos hy in baie goeie gesondheid verkeer, woon weer in Pretoria sedert April verlede jaar waar hulle inwoners van die aftree-oord Huis Herfsblaar is . Hulle het die vorige sewe jaar in Windhoek gewoon waar hy aan die Geestelike en Morele Herbewapeningsbeweging verbonde was. Voor dit het hulle ook in Pretoria gewoon.

Hulle het op 22 Desember verlede jaar – toevallig dieselfde dag waarop Beeveę Vanderplank op Melmoth oorlede is – hulle goue bruilof in Pretoria gevier en aldrie hul dogters was teenwoordig. Een het spesiaal van Nederland, waar sy nou woon, gekom om dié groot geleentheid by te woon.

Hy vertel dat hy tennis bo sportsoorte soos rolbal en gholf verkies, want hy hou van aksie. Hy het as student ook vir die Maties se eerste tennisspan gespeel en sedertdien bly hy fiks deur tennis te speel.

Hoe vergelyk hedendaagse rugby met die van sy jare? Afgesien daarvan dat die reëls baie verander het, is die rol wat geld deesdae in rugby speel die grootste verandering en dit het tot gevolg gehad dat rugby baie intenser en meer fisiek geraak het.

Ds. Daneel, wat op 29 Augustus 1904 op Calvinia gebore is, in Victoria-Wes se wêreld groot geword en op Robertson gematrikuleer het, het net na die Springboktoer van 1931-32 deur Brittanje groot rugby in sy fleur (28 jaar oud) vaarwel toegeroep toe hy 'n hulp-predikant op Calvinia geword het en daarna Europa toe is.

Maar wat nie algemeen bekend is nie, is dat hy in 1940 op 36 jaar weer 'n kort terugkeer tot provinsiale rugby gemaak het.

"Ek was 'n Weermag-kapelaan tydens die Tweede Wêreld-oorlog op Potchefstroom en Wes-Transvaal se afrigter. Toe kry die Weste se kaptein, Nic Bierman (hy was ook 'n Springbok in 1931-32), seer en ek word gevra om 'n paar wedstryde vir Wes-Transvaal te speel," vertel ds. Daneel, wie se oom, Henry Daneel, in 1906 ook 'n Springbok was.

● Intussen is daar vasgestel dat nog 'n oud-Springbok van 1928, John Dobie, al reeds meer as 'n jaar gelede oorlede is. Dobie, wat op 4 Augustus 1905 gebore is, het vir Harlequins (Pretoria) en Transvaal gespeel en in twee toetse vir die Springbokke as vleuel teen die All Blacks van 1928 uitgedraf. Die SA Rugbyraad het ook eers vandeesweek verneem dat hy oorlede is.